Trae Eskom vat vet kanse

James-Brent Styan

'n Media-kollega het waarskynlik die Nasionale Energiereguleerder (Nersa) se verhoor oor Eskom se tariefaansoek die beste opgesom toe hy Dinsdag verklaar het die verhoor is "soos 'n hofsaak met syfers".

Aan die een kant was daar Eskom wat sy voorgestelde tariefverhoging probeer verdedig het en aan die ander kant was daar 170 gegriefde partye wat waarskynlik namens 48,7 miljoen verbruikers hul misnoeë uitgespreek het. Die vraag is nou: In wie se guns moet Nersa beslis?

In dié stadium lyk dit of Nersa onder druk is om die verhoging van 34% toe te laat. Daar sal waarskynlik 'n aanpassing wees om "die armes" te beskerm. Wie die "armes" presies is en hoe 'n mens onderskei tussen arm en nie-arm, kon niemand sê nie, selfs nadat Nersa se verteenwoordigers aan verskeie deelnemers aan die verhoor dié vraag gestel het.

Tegnies gesproke behoort Nersa die hele aansoek af te keur. Gedurende die twee dae van verhore is verskeie kere uitgewys hoe Eskom kortpaaie geneem het met sy aansoek.

Die aansoek is deurgaans afgemaak as "onvolledig, laat en sonder voldoende motivering".

Eskom moes sy aansoek teen 15 Maart vanjaar ingedien het, maar die aansoek is meer as twee maande later eers op 7 Mei ingedien. Eskom het self erken dié aantygings is waar.

Dié drie aspekte is egter kritieke elemente in die proses vir Nersa om 'n ingeligte besluit te kan neem.

Waar Nersa byvoorbeeld gewoonlik tot ses maande kan neem om 'n beslissing te vel oor 'n tariefaanpassing (volgens 'n bron wat anoniem wou bly), het die reguleerder nou presies twee weke om die besluit te neem.

Die vraag ontstaan dus of Nersa genoeg tyd sal hê om al Eskom se syfers te ondersoek en om selfs net te bevestig of Eskom werklik die geld benodig.

Die jongste beskikbare betroubare syfers wat Nersa het om te gebruik oor Eskom se finansies, is al 15 maande oud.

Dié syfers kom uit die maatskappy se laaste stel finansiële resultate vir die boekjaar tot aan die einde van Maart 2008.

Eskom se nuwe resultate vir die boekjaar tot einde Maart 2009 is nog nie beskikbaar nie.

So hoe akkuraat kan Nersa se bevindings wees?

Wat sake nog verder vererger is dat Eskom, ten spyte van herhaalde vrae daaroor, nog nie ’n volledige antwoord gegee het waarom sy aansoek laat ingedien is nie.

Die maatskappy se woordvoerders het dié kwessie vaag beantwoord met verwysings na “dialoog wat langer gevat het as wat aanvanklik gedink is”.

Watse dialoog? Met wie?

“Die regering. Die tesourie. Ons grootste verbruikers,” het mnr. Jacob Maroga, Eskom se uitvoerende hoof gesê.

Regtig?

Nou waarom het mnr. Ian Langridge van die Energy Intensive Users Group – ’n organisasie wie se lede meer as 40% van Suid-Afrika se krag gebruik – dan Maandag opgestaan en gesê dié groep is nié net “nie genoeg deur Eskom gekonsulteer nie, maar in werklikheid het dié groep se verhouding met Eskom die afgelope ses maande agteruitgegaan”.

Mnr. Mthobeli Kolisa, direkteur van infrastruktuur by die vereniging van plaaslike owerhede, Salga, het Eskom ook tydens die verhoor geroskam oor “onvoldoende kommunikasie”.

Munisipaliteite tel ook onder Eskom se grootste klante.

Gister het me. Dipuo Peters, die pas-aangestelde minister van energie, aan Sake24

gesê Eskom was “korrek om ’n tariefaansoek in te dien aangesien die entiteit geld moet kry om sy *uitbreidingsprojekte* te finansier”.

Tog is die verhoging van 34% nie bedoel vir uitbreidingsprojekte nie. Eskom se motivering vir dié verhoging was van die begin af dat hy die geld benodig om te help om sy bedryfskoste – hoofsaaklik steenkool en arbeidskoste – wat die laaste tyd aansienlik verhoog het, te help betaal.

So as Eskom nié met die departement van energie gesels het oor die aansoek nie, die departement wat een van die regeringsdepartemente is wat oor Eskom toesig hou, en as Eskom nié met sy grootste klante gepraat het nie, met wie het Eskom dan gesels en hoekom het dit so lank gevat?

Het vanjaar se verkiesing nie ’n rol gespeel nie? Die verkiesing het op 22 April plaasgevind. Eskom se tariefaansoek is op 7 Mei ingedien.

Niemand betwyfel die feit dat Eskom geld kort nie.

Maroga het selfs so ver gegaan as om te sê Eskom kort ’n “berg geld”.

Beteken dit egter Nersa moet die verhoging goedkeur sonder om van die reëls wat só ’n aansoek om ’n verhoging reguleer, in aanmerking te neem?

In dié stadium lyk die vooruitsig van ’n verhoging byna na ’n uitgemaakte saak, moontlik met ’n afwaartse aanpassing, na iets tussen 18% en 25% eerder as 34%.

Peters het gister genoem dat daar samesprekings aan die gang is om die “armes te help”. Sy het die moontlikheid genoem dat die vlak van gratis basiese elektrisiteit vir dié partye verhoog kan word van 50 kWh tot 100 kWh per maand.

“Dit is nodig om hulle te beskerm,” het sy gesê.

Die res van die land sal egter maar moet betaal.

En nog is dit het einde niet.

Die gemiddelde verbruiker kan waarskynlik in September ’n skok verwag. Eskom beplan om dan sy volgende tariefaansoek in te dien.

Dié aansoek sal Eskom se prysstrategie vir die volgende drie jaar bepaal en daar word daarna verwys as die multijaar-prysvasstellingsmeganisme.

Alle aanduidings is dat Eskom dié tariefverhoging sal moet gebruik om te help betaal vir sy kapitaalprojekte.

Indien dit die geval is kan ’n verhoging van tussen 90% en 100% vanaf 1 April 2010 verwag word.

Sakesiening